Junie Eksamen





**VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIES (WVK) BERUSTING (AFSLUITING) GEGEE VIR DIE KRIEL FAMILIE?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die onderstaande vrae te beantwoord.

**2.1 Lees Bron 2A**

2.1.1 Hoekom was Nelson Mandela vasbeslote dat die menseregteskendings ondersoek moet word deur die WVK, wat tydens Apartheid gepleeg was? (2x1)(2)

2.1.2 Lys TWEE growwe menseregteskendings dade waarvoor die WVK toestemming gekry het om na te speur volgens die inligting in die bron? (2x1)(2)

2.1.3 Verduidelik aan watter kriteria die oortreders moes voldoen om amnestie te ontvang? (1x2)(2)

2.1.4 Definieër die histories kernwoord Amnestie in jou eie woorde binne die konteks van die WVK verhore. (1x2)(2)

**2.2 Raadpleeg Bron 2B**

2.2.1 Hoekom dink jy was die 9de Julie so merkwaardig vir die Kriel familie? (1x2)(2)

2.2.2 Haal bewyse aan uit die bron wat aandui dat die polisie erken het dat hulle Ashley Kriel vermoor het. (1x2)(2)

2.2.3 Noem die polisieman se naam wat verantwoordelik was vir die doodmaak van Ashley Kriel, volgens die bron? (1x1)(1)

2.2.4 Hoe, volgens die polisieman, het Ashley Kriel dood gegaan? (1x2)(2)

2.2.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis verduidelik of die polisieman se verklaring, van hoe Ashley Kriel doodgemaak was, as BRUIKBAAR beskou kan word? (2x2)(4)

2.2.6 Watter bewyse in die bron het Melanie Adams as 'n verdagte uitgebeeld, dat haar broer se dood nie 'n ongeluk was nie? (3x1)(3)

**2.3 Verwys na Bron 2C**

2.3.1 Verduidelik watter boodskap die fotograaf wou uitbeeld met betrekking tot die doel van die WVK? (2x2)(4)

2.3.2 Hoekom dink jy Michelle Assure, die suster van Ashley Kriel, verskyn het voor die WVK? (2x2)(4)

**2.4** Vergelyk **Bron 2B en 2C**. Verduidelik hoe die inligting in beide bronne mekaar ondersteun rakende die WVK verhore? (2x2)(4)

**2.5 Bestudeer Bron 2D.**

2.5.1 Lewer kommentaar hoekom jy dink die Kriel familie gelukkig was dat Ashley Kriel se saak weer heropen was? (2x2)(4)

2.5.2 Watter bewyse het die forensiese patoloog, David Klatzow, gevind dat Ashley Kriel nie perongeluk doodgeskiet was nie? (1x2)(2)

2.5.3 Hoekom was dit 'n verligting vir Michelle Assure dat die saak van Ashley Kriel heropen was? (1x2)(2)

**2.6** Gebruik die inligting van die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (omtrent 80 woorde) waarin jy verduidelik of die Waarheids-en-Versoenings kommissies (WVK) berusting (afsluiting) gegee het vir die Kriel familie? (8)

**[50]**



Scanned by TapScanner

## VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISIES (WVK) BERUSTING (AFSLUITING) GEGEE VIR DIE KRIEL FAMILIE?

### BRON 2A

Die volgende uittreksel deur M Meredith fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids- en Versoeningskommissie in 1995.

Die versoeningstydperk het tot 'n einde gekom oor verskille in Suid-Afrika se geweldadige verlede. Mandela was vasbeslote dat menseregteskendings tydens die apartheidsera ondersoek moet word deur 'n versoeningskommissie, nie vir die doel van vergelding ontstaan nie, maar om een of ander vorm van openbare rekenskap van misdade te bring en om die ongeregtighede van die verlede te help regmaak. As die misdade van die verlede nie aangespreek word nie, volgens De Klerk, sal dit ons volg soos 'n geïrriteerde, onsteekte wond. De Klerk, die adjunkpresident in Mandela se regering van nasionale eenheid, het die hele idee veroordeel (gekritiseer). Hy het aangevoer dat 'n versoeningskommissie 'n 'heksjag' sal veroorsaak wat op die NP regering se foute sal fokus en die van die ANC sin sal ignoreer. Hy het dit beskryf as "om alreeds geneesde wonde weer oop te ruk".

Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) wat in 1995 ontstaan het, het slegs begin uit 'n plek van kompromie tussen die twee party. Die omvang daarvan was beperk tot die ondersoek van ernstige oortredings van menseregteskendings, ontvoering en die gebruik van marteling in 'n tydperk van vier-en-dertigjaar vanaf 1960, wat begin het met die bloedbad by Sharpeville.

Die WVK het die mag gekry om mense te dwing om in die hof te verskyn, om ondersoeke te loods en dagvaardinge uit te ryk, en hierdie dade was ondersteun deur hul eie ondersoekeenheid. Dit was nodig om soveel aandag te gee aan oortredings wat deur die bevrydingsbeweging gepleeg is, soos deur die veiligheidspolisie. Dit was nie 'n geregtelike liggaam of 'n geregshof nie. Dit kan nie vervolging of straf uitreik nie. Die doel was beide om 'n oordeel oor skuldiges te vel sowel as om'n proses van openbaarmaking te vestig. In ruil vir jou verklaring as oortreder sou jy amnestie (versagting) ontvang vir jou dade wat jy gepleeg het op 'n individuele basis sowel as teen enige politieke bevele. As hulle nie vorentoe gekom het nie, sal hulle op vervolgingsrisiko bly aangebou word.

[Uit: Die staat van Afrika deur M Meredith]



Scanned by TapScanner

**BRON 2B**

Dit is deel van die getuienis wat deur Melanie Adams, suster van Ashley Kriel, gelewer het tydens die Waarheids- en Versoeningskommissie verhore. Die verhoor het op 5 Augustus 1996 aan die Universiteit van Wes-Kaapland plaasgevind. Die doel van die getuienis was om vas te stel of kaptein Benzien die waarheid gepraat het oor hoe Ashley Kriel op 9 Julie 1987 gesterf het.

Die nag van 9 Julie 1987 was my ma op pad terug van die werk en sy het in 'n nuusblad in die koerant gelees oor 'n 23-jarige man wat in Athlone vermoor is, en nie geweet dat dit haar eie seun was waarvan sy besig was om te lees nie. Die polisie was bewus van die feit dat hulle Ashley Kriel vermoor het, maar hulle het nie die ordentlikheid gehad om te kom en die gesin in te lig nie. Die volgende dag, op 10 Julie, het hulle aan ons deur geklop, my ma en ek het werk toe gegaan maar my suster Michelle was tuis. Hulle het eintlik gekom om die huis te deursoek en toe haar gevra om te gaan sit. Hulle wou weet waar my ma was. Sy het gesê my ma was by die werk en eintlik wat hulle gesê het, "jou ma wil mos nie gehoor het nie, nou het ons hom dood geskiet.".

Dit was die ergste ervaring omdat ons as die familie soos die misdadiger behandel was. Die man wat Ashley eintlik vermoor het, Benzien, het die uitspraak gemaak dat sy dood 'n ongeluk was. Maar wat in die ondersoek op gekom het, was dat Ashley se trui aan die sneller vasgehak en toe het die skoot per ongeluk afgegaan. Maar terselfdertyd terwyl ek by hierdie verhoor van die WVK was, het iets nuuts aan die lig gekom, wat baie ontstellend was. Daarom wil ek graag die waarheid van hierdie saak bereik. Iemand het gesê dat volgens Benzien het hulle gemaak asof hulle raadslede was van waterpompe om hom in te lok. Ashley het hulle herken, 'n geweer uitgetrek, hulle het hom probeer keer en in daardie proses het die skoot afgegaan. Volgens Benzien het dit gebeur, soos hy in Afrikaans gesê het, in 'n "omesientjie" (binne 'n sekonde). Maar volgens ander getuies, het hulle gehoor hoe iemand skree vir ongeveer 'n uur asof iemand gemartel word.

Toe ons by die huis kom, was daar bloed orals, op die kombuismuur, vloer, badkamer en daar was bloed sleep merke regoor die vloer asof iemand rondgesleep was vanaf die voorste kamer na die kombuis. Daar was klere wat deurweek in bloed 'n handoek met 'n ronde bloedmerk op asof hulle dit op 'n gat gesit het wat baie gebloei het. Ons neem aan op sy kop waar die grootste gat was.

[Van: http://www.justice.gov.za/trc/hrvtrans%5Chelder/ct00611.htm

Assesseer op 5 Augustus 2017]



Scanned by TapScanner

**BRON 2C**

Hierdie foto beeld 'n Kommissaris van Versoening wat M Assure vertroos, die suster van Ashley Kriel, wat by die waarheid en versoening verhoor aan die Universiteit van Wes-Kaap, Kaapstad 1996, was.



[Van: http://www.gettyimages.com/detail/news-photo/commission-

Toegang verkry op 8 Augustus 2017]



Scanned by TapScanner

**BRON 2D**

Hierdie artikel deur G Abbas het op 16 Maart 2016 in The Cape Argus verskyn onder die opskrif Ashley Kriel, se saak word heropen.

Kaapstad - Ashley Kriel se familie het trane van vreugde gestort toe hulle ingelig was dat die Valke die saak van die jong Umkhonto we Sizwe guerrilla vegter se dood heropen en ondersoek. Hulle het so besluit nadat daar bewyse opgeduik het wat voorstel dat hy vermoor was.

Brigadier Hangwani Mulaudzi het gesê daar is 'n moontlikheid dat Jeffrey Benzien, die polisiehoof wat in die 1990's amnestie ontvang het vir Kriel se dood deur die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), aangekla word van moord afhangend van die ondersoeke se bevindinge.

Kriel is op 9 Julie 1987 in 'n huis in Hazendal, Athlone, dood. Sekuriteit polisiebeamptes het aan die WVK gesê dat Kriel geskiet is terwyl hy in hegtenis geneem is. Tydens die inhegtenisneming het Kriel gesê dat hy 'n .22-pistool by hom gehad het. Benzien het aan die WVK gesê hy het probeer om die geweer weg van Kriel af te vat. 'n Vinnige bakleiery het ontstaan, waarna Kriel se eie pistool afgegaan het en hy is in die rug doodgeskiet.

Vroeër hierdie maand het die forensiese patoloog, David Klatzow, tot die gevolgtrekking gekom dat die jong held vermoor is deur die veiligheidspolisie wat 'n storie aan die WVK opgemaak het om hul betrokkenheid by Kriel se dood te verdoesel. Klatzow het gesê Kriel is van agter af geskiet, terwyl sy polse agter sy rug geboei was.

Kriel se suster, mev. Michelle Assure, het gesê die ondersoek het verligting gebring omdat die familie twee keer enige berusting of afsluiting geweier was. Eerste deur die polisie se ondersoek na haar broer se dood en toe deur die WVK wat amnestie aan Benzien verleen het.

[Van Cape Argus 16 Maart 2016]



Scanned by TapScanner

Rekord Eks



**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP GRIFFITHS MXENGE HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 **Verwys na Bron 2A.**

2.1.1 Hoe, volgens die bron, is Griffiths Mxenge vermoor? (1 x 2) (2)

2.1.2 Definieer die konsep van *versoening* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Lys die DRIE mense in die bron wat aan die moord op Griffiths Mxenge skuldig bevind is. (3 x 1) (3)

2.1.4 Lewer kommentaar op hoekom jy dink Mxenge se moordenaars vir amnestie aansoek gedoen het. (2 x 2) (4)

2.2 **Bestudeer Bron 2B.**

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat Coetzee Mxenge vermoor het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Waarom, dink jy, het die Waarheid-en Versoeningskommissie aan Dirk Coetzee, David Tshikalange en Almond Nofemela amnestie vir die moord op Griffiths Mxenge toegestaan? (2 x 2) (4)

2.2.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die amnestieproses van die WVK ondersoek. (2 x 2) (4)

2.2.4 Watter inligting in die bron vertel jou dat Coetzee, Nofemela en Tshikalange nie vir Griffiths Mxenge geken het nie? (1 x 2) (2)



Scanned by TapScanner

2.3 **Lees Bron 2C.**

2.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar op hoekom jy dink die spotprenttekenaar 'TRUTH' (WAARHEID) en 'RECONCILIATION' (VERSOENING) met 'n gaping tussen hulle uitgebeeld het. (2 x 2) (4)

2.4 **Raadpleeg Bron 2D.**

2.4.1 Hoeveel steekwonde, volgens die bron, is op Mxenge se liggaam gevind? (1 x 1) (1)

2.4.2 Hoekom, dink jy, was die Mxenge-familie teen die amnestie-aansoek van Coetzee, Nofemela en Tshikalange gekant? (2 x 2) (4)

2.4.3 Hoe, volgens die bron, het die Mxenge-familie hul ontevredenheid oor die toekenning van amnestie aan Griffiths Mxenge se moordenaars getoon? (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bronne 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2D ondersteun ten opsigte van die moord op Griffiths Mxenge. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin verduidelik word hoe die Waarheid- en Versoeningskommissie die moord op Griffiths Mxenge hanteer het. (8)
**[50]**



Scanned by TapScanner

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP GRIFFITHS MXENGE HANTEER?**

**BRON 2A**

Die onderstaande bron fokus op die moord op die anti-apartheidsaktivis en prokureur, Griffiths Mxenge.

Op 20 November 1981 is mnr. Griffiths Mxenge in 'n fietsrystadion by Umlazi dood gevind. Drie Vlakplaas-operateurs, hoofsaaklik bevelvoerder Dirk Coetzee en askari's (spioene / uitverkopers) Almond Nofemela en David Tshikalange is aangekla en skuldig bevind aan die moord. Coetzee, Nofemela en Tshikalange het vir die moord op Mxenge aansoek om amnestie gedoen.

Volgens Nofemela se getuienis aan die kommissie het hulle Mxenge die aand van 20 November 1981 op pad huis toe onderskep (gevang). Hulle het hom uit sy motor gesleep en hom na die nabygeleë Umlazi-stadion geneem waar hulle hom herhaaldelik geslaan en gesteek het. Nofemela het aan die Kommissie gese dat Mxenge die aanval met alle geweld weerstaan het totdat hy met 'n moersleutel op die kop geslaan is. Hy het op die grond geval en die stekery het aangehou totdat hy dood was .Toe het hulle sy motor, beursie en ander besittings geneem sodat dit na 'n rooftog lyk. Mxenge se voertuig is later uitgebrand en verlate naby die Golela-grenspos tussen Suid-Afrika en Swaziland gevind.

Op 15 Mei 1997 is Coetzee, Nofemela en Tshikalange aan die moord op Mxenge skuldig bevind. Op versoek van die Kommissie se Amnestiekomitee is vonnisoplegging uitgestel totdat na die Komitee 'n uitspraak oor die aansoeke gemaak het.

[Uit www.justice.gov.za/trc/report/. Toegang op 20 September 2018 verkry.]

## BRON 2B

Die volgende verklaring is deur die Amnestiekomitee van die Waarheid-en Versoeningskommissie uitgereik. Dit verduidelik die redes vir die toestaan van amnestie aan Dirk Coetzee, Almond Nofemela en David Tshikalange vir die moord op Griffiths Mxenge.

Die Amnestiekomitee van die Waarheid- en Versoeningskommissie het vandag amnestie aan Dirk Coetzee, David Tshikalange en Butana Almond Nofomela vir die moord op die Durbanse prokureur, mnr. Griffiths Mxenge, in November 1981, toegestaan.

Die Komitee het gesê dat 'hoewel daar 'n twyfel bestaan' oor die identiteit van diegene wat Coetzee beveel het om mnr. Mxenge te vermoor, daar geen twyfel was dat Coetzee op advies, bevel of in opdrag van een of meer senior lede van die veiligheidsafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie opgetree het nie.

Die Komitee het sy 'sterk afkeur' uitgespreek teenoor die polisie se optrede om 'die moord op 'n prokureur te organiseer wat bloot sy plig uitgevoer het om persone wat krimineel aangekla is, te verteenwoordig.'

In sy bevindings het die Komitee gesê: "Volgens die getuienis voor ons is ons tevrede dat geen een van die aansoekers die oorledene, Mxenge, geken het nie of enige rede gehad het om hom dood te wens voordat hulle beveel is om dit te doen nie. Ons is tevrede dat hulle dit wat hulle gedoen het in die uitvoering van hul plig as polisiemanne, betrokke in die stryd teen die ANC en ander bevrydingsbewegings, beskou het. Dit is, ons dink, duidelik dat hulle op hul bevelvoerders staatgemaak het om die noodsaaklikheid van die sluipmoord, akkuraat en billik te oorweeg en of ander stappe geneem moes word ..."

Die drie amnestie-aansoekers is tydens 'n verhoor in Durban, na die aanhoor van hulle amnestie-aansoek, aan mnr. Mxenge se moord skuldig bevind. As gevolg van die toekenning van amnestie was dit nie vir die verhoorhof nodig om met vonnisvoortlegging voort te gaan nie.

[Uit www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html. Toegang op 16 September 2018 verkry.]



Scanned by TapScanner

**BRON 2C**

Die onderstaande spotprent deur Zapiro is in *The Sowetan*, in 1997 gepubliseer. Dit beeld die uitdagings wat die Waarheid-en Versoeningskommissie ervaar het uit.




[Uit http://www.sahistory.org.za/topic/-and-reconciliation-commission-trc.
Toegang op 25 September 2018 verkry.]

WAARHEID VERSOENING



Scanned by TapScanner

## BRON 2D

Die onderstaande bron fokus op Griffiths Mxenge se familie se reaksie op die toekenning van amnestie aan die oortreders.

In November 1981 is die menseregte-prokureur en die anti-apartheidsaktivis, Griffiths Mxenge, se lyk op 'n sportveld naby Umlazi, Durban, gevind. Hy het 45 steekwonde gehad, sy keel was oopgesny en sy oor afgesny. Die moord op Griffiths Mxenge het een van die mees berugte en skandalige politieke moorde ooit geword. In 1996 het Dirk Coetzee, Almond Nofemela en David Tshikalange skuld op die misdaad erken en vir amnestie aansoek gedoen (wat uiteindelik aan hulle toegestaan is).

Die Mxenge-familie het 'n klag by die konstitusionele hof ingedien om die Waarheid-en-Versoeningskommissie ongrondwetlik te verklaar. Die Mxenge-familie het gesê:

"Dirk Coetzee, Nofemela, Tshikalange en daardie brigadiers wat hulle instruksies gegee het, het misdade teen die mensdom gepleeg. Ons sal dit keer op keer sê. Dit is nie ingevolge die internasionale reg vergeefbaar nie. Selfs die president van hierdie land kan dit nie toestaan nie. Kan jy hulle vergewe? Ons kan hulle nie vergewe nie. Dit is net buite die kwessie. Dit is buite die kwessie as jy net geluister het na wat ek nou gesê het, die verskriklike manier waarop hulle ons broer vermoor het. Ek dink dit is net 'n persoon met Jesus Christus se karakter wat waarskynlik kan probeer vergewe, maar nie ons nie. Ons is nog steeds so bitter soos wat ons in 1981 was toe hulle dit gedoen het."

[Aangepas uit http://sabctrc.saha.org.za/tvseries/episode4/section7/transcipt9.htm. Toegang op 28 April 2019 verkry.]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP POLITIEKE AKTIVIS, ASHLEY KRIEL, HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal TWEE organisasies uit die bron aan wat tot die stigting van die WVK ingestem het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Gee TWEE redes in die bron vir die totstandkoming van die WVK. (2 x 1) (2)

2.1.3 Verduidelik waarom jy dink die WVK die mandaat gekry het om menseregteskendings wat tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 gepleeg is, te ondersoek. (2 x 2) (4)

2.1.4 Definieer die term *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor waarom die WVK na die getuienis van beide slagoffers en oortreders geluister het. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee wanneer en waar Ashley Kriel vermoor is. (2 x 1) (2)

2.2.2 Hoe, volgens die bron, het aktiviste Ashley Kriel se persoonlikheid beskryf? (2 x 1) (2)

2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Ashley Kriel 'n teiken van die apartheidsveiligheidsmagte geword het. (2 x 2) (4)

2.2.4 Noem TWEE maniere in die bron waarop Ashley Kriel se menseregte geskend is. (2 x 1) (2)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Noem enige TWEE politieke aktiviste in die bron vir wie Benzien om verskoning gevra het vir hulle aanranding gedurende ondervraging. (2 x 1) (2)

2.3.2 Verduidelik of jy dink die WVK geregverdig was om amnestie aan Benzien toe te staan vir die moord op Ashley Kriel. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B van die bewyse in Bron 2C verskil met betrekking tot die moord op Ashley Kriel. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou


Scanned by TapScanner

2.5 Gebruik Bron 2D.

2.5.1 Lewer kommentaar op wat jy dink deur die woorde op die banier, 'WVK: GEEN GEREGTIGHEID VIR ASHLEY KRIEL,' geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

2.5.2 Verduidelik waarom jy die bewyse in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer die omstandighede rondom die dood van Ashley Kriel nagevors word. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie die moord op die politieke aktivis, Ashley Kriel, hanteer het. (8)

**[50]**



Scanned by TapScanner

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE POLITIEKE AKTIVIS, ASHLEY KRIEL, HANTEER?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder gee in breë trekke die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) het ontstaan uit die onderhandelings tussen die Nasionale Party en die African National Congress in 1993 en 1994 in Kempton Park, as deel van die ooreengekome oorgang na demokrasie in Suid-Afrika. Dit is gestig om Suid-Afrika se gewelddadige en onderdrukkende (wreedaardige) verlede te hanteer en as 'n manier om nasionale eenheid en versoening te bevorder. Dit is gegrond op die oortuiging dat om nasionale eenheid en versoening te bou, dit 'n rekord moes saamstel, so getrou as moontlik aan die 'aard, oorsake en omvang van growwe menseskendings' gepleeg tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994, van die tydperk deur die WVK-mandaat gedek. Daar is terselfdertyd gehoop dat die werk van die WVK slagoffers van menseregteskendings in Suid-Afrika in staat sou stel om 'meer sigbare en meer waardevolle burgers te word deur die openbare en amptelike erkenning van hulle ervarings' en dat 'diegene wat vir menseregteskendings verantwoordelik was, vir hul dade aanspreeklik gehou kon word'.

Om hulle mandaat uit te voer, het die WVK 'n reeks aktiwiteite onderneem, soos die hou van 'n aantal openbare verhore waar beide die slagoffers en die oortreders 'n kans gekry het om hulle stories te vertel; die uitreik van amnestie aan oortreders van menseregte in ruil vir 'n volledige onthulling van hulle dade; en die ontwerp van 'n vergoedingspakket vir slagoffers van menseregteskendings.

[Uit https://core.ac.uk/download/pdf/58914753.pdf. Toegang op 23 Maart 2019 verkry.]


GAUTENG

## BRON 2B

Die uittreksel hieronder fokus op die rol wat Ashley Kriel in die stryd teen apartheid gespeel het en sy daaropvolgende moord deur die veiligheidspolisieman, Jeffrey Benzien.

Ashley Kriel, wat net 20 jaar oud was, is op 9 Julie 1987 op die Kaapse Vlakte deur die apartheidsveiligheidspolisie vermoor. Sy familie, vriende en ander aktiviste het hom as 'n held, kampioen en stryd-ikoon beskou wat vir 'n vry Suid-Afrika geveg het. En tog, ten spyte van die tydsverloop, voer sy twee susters steeds 'n stryd om afsluiting te vind na sy brutale dood.

In die oë van Michel Assure en Melanie Adams was Kriel 'n gebore leier wat beide vurig en vrolik was. Hy was lid van verskeie studentegroepe terwyl hy op skool was waar hy sy redenaars- en organisatoriese vaardighede ontwikkel het. Volgens Kriel se susters het Ashley die jeug van Bonteheuwel georganiseer om skoolboikotte, betogings/verset en ander optrede te onderneem, in ooreenstemming met die African National Congress (ANC) se beroep om die land 'onregeerbaar' te maak ...

Alhoewel hulle vir sy veiligheid gevrees het, was sy susters nie verbaas toe hy by die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK), aangesluit het om teen die apartheidsregering te veg nie. Kriel het na 'n ANC-kamp in Lusaka gegaan en later teruggekeer, maar hy het die meeste van sy tyd bestee om in gebiede naby hulle kindertuiste weg te kruip.

Ashley Kriel se susters glo nie dat hulle broer se moordenaar die waarheid vertel het nie. In 'n roerende onderhoud by die ANC se kantoor in Athlone, waar Assure nou werk, kan sy baie duidelik die afskuwelikheid onthou van hoe sy na die 'veilige huis' waar Kriel vermoor is, gegaan het.

'Wat ek in daardie huis gesien het, het vir my 'n storie vertel. Ek het 'n bebloede spitgraaf gevind en ek vermoed hy is met die graaf geslaan. Dit het die sny aan sy kop, wat ek gesien het toe ek lykshuis toe is, veroorsaak. Hulle het hom wreedaardig gemartel ...'

'In die lykshuis het ek, behalwe vir die sny aan sy kop, gesien dat Ashley in 'n mooi sterk jongman ontwikkel het en dit het my sterk gemaak,' het sy gesê met trane wat in haar oë opwel. 'Ek het geweier om daar voor die veiligheidspolisie te knak. Ek het geweier om vir hulle swakheid te toon. Ek het gekies om vir Ashley sterk te wees.'

Wat die susters wel weet, is dat Kriel deur die berugte apartheidsveiligheidspolisieman, Jeffrey Benzien, in die rug geskiet is.

[Uit https://mg.co.za/article/2014-04-24-murder-of-anc-guerrilla-haunts-his-sisters-27-years-after-he-was-killed. Toegang op 24 Maart 2019 verkry.]

## BRON 2C

Die volgende is deel van die getuienis wat Jeffrey Benzien op 14 Julie 1997 by die Waarheids-en-Versoeningskommissieverhore in die Bellville Gemeenskapsentrum in Kaapstad gegee het.

**MNR. BENZIEN:** Dankie, Voorsitter. Voordat ek begin om my aansoek voor te lees, wil ek graag die volgende noem:

Eerstens, vra ek enige persoon of persone wat ek leed aangedoen het om verskoning en ek vra spesifiek die familie van Ashley Kriel om verskoning vir die dood van hulle seun en broer. Hoewel ek ontken dat ek hom onregmatig en verkeerdelik doodgemaak het, het hy wel as gevolg van 'n handeling van my kant af gesterf en daarvoor vra ek verskoning.

Die lewe is kosbaar en, as ex post facto (uit wat daarna gebeur het) in ag geneem word en gebaseer op vandag se politieke situasie van versoening, was sy dood onnodig. Verder vra ek ook dat die mense wat ek tydens ondervraging aangerand het, naamlik Peter Jacobs, Ashley Forbes, Anwar Dramat, Tony Yengeni, Gary Kruse, Niclo Pedro en Allan Mamba, om verskoning ...

**ADV. COOK:** ... Mnr. Benzien, tydens jou tydperk by die Terroristeopsporingseenheid, vir watter daad of dade doen jy aansoek om amnestie?

**MNR. BENZIEN:** Voorsitter, aanrandings, marteling, meineed (vals getuienis) wat gedurende hierdie ondergenoemde tydperk gepleeg is, vis-à-vis (ten opsigte van) verdagtes wat gearresteer en ondervra is, sowel as die dood van Ashley Kriel ... Ek staan by my verklaring wat ek by die geregtelike doodsondersoek 23/87, en gedateer 15 Julie 1987, gedoen het.

Die rede waarom ek nou aansoek doen, is soos volg:
Dit is 'n oop en demokratiese forum in die nuwe Republiek van Suid-Afrika en ek hoop dat ek die families sal kan oortuig dat ek die waarheid praat ...

**VOORSITTER:**
Benzien word amnestie toegestaan vir:
1. Die wederregtelike moord op Ashley Kriel op 15 Julie 1987 ...

[Uit http://www.justice.gov.za/trc/amntrans/capetown/capetown_benzien.htm. Toegang op 26 Maart 2019 verkry.]

**BRON 2D**

Die foto hieronder toon mense wat 'n banier dra wat protesteer teen die WVK se beslissing om amnestie vir die moord op Ashley Kriel toe te staan. Die volgende woorde het op die banier verskyn: 'WVK: GEEN GEREGTIGHEID VIR ASHLEY KRIEL NIE'.




[Uit https://www.gettyimages.ae/photos/ashleykriel?mediatype=photography&phrase=ashley%20kriel&sort=mostpopular. Toegang op 28 Maart 2019 verkry.]

**Afrikaanse vertaling van die woorde op die banier:**

**WVK: GEEN**
**GEREGTIGHEID VIR**
**ASHLEY KRIEL NIE**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate boikotte, onttrekking van beleggings en sanksies deur die internasionale anti-apartheidsbewegings verantwoordelik was vir die uiteindelike val van PW Botha se regime in die 1980's.

*Ondersteun jou argument met relevante bewyse.* **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die 25ste herdenking van die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika word in 2019 gevier.

Bespreek krities die rolle wat verskillende politieke organisasies gespeel het in die bemeestering van die uitdagings wat Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 in die gesig gestaar het. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Die val van die Berlynse Muur in 1989 het daartoe gelei dat politieke vyande, die Nasionale Party en die African National Congress, samesprekings begin het.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Scanned by TapScanner

Rekord eksamen

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

Sanksies en disinvesterings deur die Internasionale Anti-Apartheidsbeweging was die mees effektiewe strategieë wat tot die uiteindelike einde van die apartheidsregering in die 1980's gelei het.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE HANTERING VAN DIE VERLEDE**

Die geboorte van 'n demokratiese bedeling in Suid-Afrika was nie 'n produk van oorlog nie, maar 'n produk van onderhandelinge.

Verduidelik tot watter mate die geweld wat in die 1990's in verskillende dele van Suid-Afrika uitgebreek het, byna die geboorte van 'n demokratiese land in 1994 ontspoor het.

Ondersteun u argument met relevante bewyse. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: GEBEURE VAN 1989**

Die disintegrasie van die Sowjetunie in 1989 het politieke veranderinge in Suid-Afrika in die 1990's versnel.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van Gorbatsjof se hervormingsmaatreëls en die impak daarvan op die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind in die 1990's het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

Scanned by TapScanner

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in die Afdeling nie. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET IN DIE 1970'S EN 1980'S: SUID-AFRIKA

Die internasionale anti-apartheids bewegings het dit reg gekry om die Nasionale Party regering en sy ekonomie tot op sy knieë te bring in die 1980's, deur verskeie sanksies en, boikotte en disinvestering.

STEM JY SAAM met die bostaande stelling? Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

"Dit was deur goeie leierskap en aanpasbaarheid deur verskeie politieke organisasies dat 'n Demokratiese bedeling tot stand gekom het in Suid-Afrika in 1994.

BESPREEK KIRTIES die bostaande stelling deur na die proses van onderhandeling te verwys wat ontstaan het in Suid-Afrika in 1990-1994. **[50]**

**GROOT TOTAAL: 150**



Scanned by TapScanner